DIT IS VOLBRING

Week 5 - "Erfgename van 'n nuwe testament"
26 Augustus 2018

TABERNA DEI

1. Implikasies van 'n verbond

Sorg dat julle doen wat hierdie verbond bepaal en lewe daarvolgens sodat julle voorspoedig sal wees in alles wat julle aanpak. - **Deut 29:9 (AFR83)**

Die ontvang van die seëninge was dus gegrond op die beginsels van 'n verbond: Elke party het deel gehad wat hy moes doen.

Maar almal wat staatmaak op die onderhouding van die wet, val onder die vloek, want daar staan geskrywe: "Daar rus 'n vloek op elkeen wat nie stiptelik alles doen wat in die boek van die wet geskrywe staan nie." En dat niemand op grond van die wet deur God vrygespreek word nie, is duidelik, want "hy wat deur God vrygespreek is omdat hy glo, sal lewe." - **Gal 3:10-11 (AFR83)**

'n Ooreenkoms spel uit wat elkeen van die twee party moet doen en nie moet doen nie, terwyl 'n testament 'n verwysing is wat aandui wie erf wat, wanneer iemand tot sterwe kom.

2. Tyd vir 'n nuwe testament

Daarom is Hy ook die Middelaar van 'n nuwe verbond. Sy dood het plaasgevind om mense te verlos van die oortredinge wat onder die eerste verbond begaan is, sodat dié wat geroep is, die beloofde ewige erfenis kan ontvang. Dit is soos met 'n testament: daar moet eers bewys word dat die testamentmaker dood is, want 'n testament word alleen geldig by die dood van die testamentmaker; dit word nooit van krag so lank as hy nog leef nie. - **Heb 9:15-17 (AFR83)**

3. Tyd vir 'n nuwe priesterorde

*Dit was in samehang met die Levitiese priesterskap dat die volk die wet van Moses ontvang het. As hierdie priesterskap volmaaktheid kon bewerk, waarom was dit dan nog nodig dat 'n ander priester volgens die priester-orde van Melgisedek aangestel moes word, van wie daar nie gesê word dat hy 'n priester volgens die orde van Aäron sou wees nie? *Want met verandering van priesterskap kom daar noodsaaklik ook verandering van wet.* - **Heb 7:11 (AFR83) *(AFR53)**

4. Erfenis deur genade

Christus het ons losgekoop van die vloek wat die wet meebring, deur in ons plek 'n vervloekte te word. Daar staan naamlik geskrywe: "Vervloek is elkeen wat aan 'n hout opgehang is." Daardeur kan ook hulle wat nie Jode is nie, deur Christus Jesus deel kry aan die seën wat God aan Abraham toegesê het. So het ons dan deur die geloof die Gees ontvang wat God beloof het. - **Gal 3:13-14 (AFR83)**

Die ou verbond se beginsels geld nie meer nie; jy is nou nie meer net geseën as jy sekere dinge doen nie, jy is geseënd omdat jy in Christus is!

Hulle verstand was ook toe, en vandag nog bly hulle verstand met dieselfde sluier toegemaak as hulle die Ou Testament lees, maar die sluier word deur Christus weggeneem vir iemand wat in Hom glo. Maar vandag nog, elke keer as die wet van Moses voorgelees word, is daar 'n sluier oor hulle verstand. Van Moses sê die Skrif egter: "Elke keer as hy hom na die Here wend, word die sluier weggeneem." "Die Here" beteken hier "die Gees", en waar die Gees van die Here is, is daar vryheid. Ons almal weerspieël die heerlikheid van die Here, want die sluier is van ons gesig af weggeneem. Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlikheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is. - **2 Kor 3:14-18 (AFR83)**